# Die rol van die dissipels in die Christologie van Matteus

J Engelbrecht
Universiteit van Suid-Afrika

**Abstract**
**The role of the disciples in the Christology of Matthew**
*This article deals with certain aspects of the role of the disciples in the Gospel of Matthew. Researchers in the past have usually been interested in determining whether the concept of disciples in the Gospel tells more about the disciples as historical people or about circumstances in the community of Matthew about fifity years later, but the present writer is more interested in pointing out how the disciples are used by Matthew to highlight the figure of Jesus. The term μαθητής is discussed, and it is argued that Matthew used the term to lay stress on the figure of Jesus. The actions of the disciples, signified by the verbs μανθάνω, μαθητεύω and ἀκολουθέω, also throw light on the figure of Jesus. The same may be said of the depiction of individual disciples in the Gospel, namely Peter and Judas Iscariot.*

## 1. INLEIDING

Die feit dat die dissipels van Jesus in die Evangelie van Markus voorgestel word as mense wat so opvallend naïef, stadig van begrip en verhard is en terwyl hulle veronderstel is om helpers van Jesus te wees, amper eerder sy teenstanders is, het in die verlede daartoe gelei dat die voorstelling van die dissipels in Markus baie meer aandag geniet het as die voorstelling van die dissipels in die ander Evangelies. Tereg ook, want dit is uit die staanspoor duidelik dat Markus se uitbeelding 'n belangrike rol in die totale opset van sy Evangelie speel, hetsy dit aan literêre of historiese oorsake in die tyd van die dissipels self of die tyd van die skrywer toegeskryf kan word. Daaroor is daar nog geen duidelikheid nie.

Maar wat van die ander Evangelies se voorstellings? Speel die dissipels by hulle nie ook net so 'n belangrike rol nie? Dit is by nadere ondersoek gou duidelik dat die dissipels in Matteus byvoorbeeld baie anders voorgestel word as by Markus. Soos gesê is, het Markus se voorstelling van die dissipels nog altyd die meeste aandag getrek. Dit beteken egter nie dat Matteus s'n nog glad nie aandag ontvang het nie. Dit het wel redelik aandag van ondersoekers ontvang, al was dit nie noodwendig altyd as die fokuspunt van ondersoeke nie, maar dikwels as onderafdeling van 'n ander studie.

Veral vandat die *Redaktionsgeschichte* vanaf die vyftigerjare die klem van die onderafdelings van die Evangelies na die geheel begin verskuif het, het dit dikwels geblyk hoe geïntegreerd verskeie begrippe in Matteus is. So kan die dissipels in Matteus nie los van byvoorbeeld begrippe soos geloof, die kerk, ensovoorts gesien word nie. Dit maak dit uiteraard moeilik om die dissipels of dissipelskap in Matteus te ondersoek. Dit is baie meer omvattend as wat dit met die eerste oogopslag lyk. Miskien is dit dan ook die rede waarom daar so min artikels of monografieë oor die dissipels in Matteus as sodanig verskyn het. Soek 'n mens egter verder, vind jy dat daar inderdaad heelwat oor die onderwerp geskryf is, maar dan meestal as deel van ander, wyer studies.

Dit bring ons uiteraard by die vraag hoe 'n mens 'n tema soos die dissipels in Matteus sal moet aanpak. Die blote feit dat Markus se uitbeelding so opvallend is, maak dit haas onmoontlik om nie vergelykings te tref tussen die twee voorstellings nie. Dit is egter reeds gedoen (vgl bv Barth 1963 en Luz 1983) en hoef sekerlik nie weer gedoen te word nie. Sedert die *Redaktionsgeschichte* die toneel vir 'n lang ruk oorheers het, het evangelieondersoeke die afgelope aantal jare meer begin neig tot literêre ondersoeke. Uit hierdie oogpunt is daar ook al na die dissipels in Matteus gekyk deur byvoorbeeld Edwards (1985), Kingsbury (1986) en Van Aarde (1994).

Of 'n mens nou ook al binne die histories-kritiese of literêre paradigma werk, 'n beginpunt vir die bestudering van die dissipels sal sekerlik wees die verse waarin die term vir dissipel(s) voorkom (vgl Wilkins 1990), hetsy in vergelyking met Markus of ander bronne, of literêr binne die konteks van die hele Evangelie. Verder moet ook aandag gegee word aan die verse waarin individuele dissipels by die naam genoem word. Maar dit sal ook nog nie voldoende wees nie. Die dissipels word naamlik ook gekenmerk deur sekere aksies, veral in hulle verhouding tot Jesus. Dit word veral duidelik uit die gebruik van sekere werkwoorde.

In hierdie artikel wil ek veral aandag gee aan die verhouding van die dissipels tot Jesus en hulle betrokkenheid by Hom. Dit gaan vir my hier bloot om die wyse waarop Matteus die dissipels uitgebeeld het en die doel wat hy daarmee gehad het. Basies beweeg ek dus binne die literêre paradigma, aangesien ek nie hiermee historiese vrae wil probeer beantwoord nie. Tog gebruik ek soms vergelykings tussen Markus en Matteus om byvoorbeeld Matteus se gebruik van sekere woorde te belig. Uiteindelik lê my belangstelling vir hierdie artikel egter meer in die karakterisering van die dissipels en veral om te probeer aandui hoe hulle karakterisering in diens van die Christologie van die Evangelie staan. Tog wil ek ook nie hier volledig op karakterisering ingaan nie, maar slegs enkele aspekte rakende die disspels aandui.

Waar die vraagstelling van ondersoekers in die verlede gewoonlik daarom gegaan het of die uitbeelding van die dissipels in Matteus meer te sê het oor die dissipels as historiese persone (vgl Strecker 1966) of oor die gemeenskap van Matteus en hulle

probleme (vgl bv Kingsbury 1978 en Luz 1983), wil ek die klem verskuif na die dissipels as karakters wat gebruik word om die figuur van Jesus beter te belig. Dat die dissipels ook in die lig van die ander twee genoemde aspekte gesien kan word, word nie daarmee ontken nie. Matteus se voorstelling van die dissipels werp na my mening in 'n sekere mate lig op hulle as historiese persone. Net so seker is sy voorstelling egter beïnvloed deur sy gemeenskap, hulle omstandighede en hulle probleme. Natuurlik moet daar gewaak word teen die beantwoording van hierdie soort vrae met behulp van metodes wat hulle nie daartoe leen nie. In dié verband kan daar met Edwards (1985:60) se huiwering saamgestem word: 'What I am not yet prepared to do is to suggest how one can move from these literary matters to a judgment about the historical situation of the author, narrator or reader'. Tog moet daar ook van Howell (1990:259) se siening kennis geneem word: 'The different methods of the paradigms can complement one another ... Further research needs to be done to find ways to wed fruitfully the two approaches ....'

Wat ek in dus in hierdie artikel wil doen, is om na sekere aspekte te kyk wat deur Matteus gebruik word om die dissipels se betrokkenheid by Jesus aan te dui, veral deur die gebruik van sekere woorde. Die doel van die artikel is om hopelik 'n bydrae te maak tot die siening van Jesus as eksemplaries vir die dissipels, na aanleiding van die opmerking by Howell (1990:251): 'This aspect of Matthew's portrayal of Jesus has on the whole been neglected, however, in studies of Matthew's theology'.

## 2. DIE DISSIPELS IN MATTEUS

By die lees van die Matteusevangelie is dit met 'n oogopslag duidelik dat dissipels sowel as dissipelskap 'n belangrike rol in die Evangelie speel. Hoewel daar nie 'n term vir dissipelskap in die Evangelie voorkom nie, word dit duidelik geïmpliseer in die gebruik van die woord vir dissipels (*μαθητής*) en aanverwante woorde soos die stamverwante werkwoorde *μανθάνω* en *μαθητεύω* en dan ook die werkwoord *ἀκολουθέω*. Ek wil kortliks aandag aan elkeen van hierdie terme afsonderlik gee.

### 2.1 Die gebruik van *μαθητής* in Matteus

Dit is Matteus wat in vergelyking met die ander Sinoptiese Evangelies die meeste in die term geïnteresseerd is, soos blyk uit die voorkoms daarvan, naamlik in Matteus 73 keer, in Markus 46 keer, Lukas 37 keer. (Johannes gebruik dit 'n paar keer meer as Matteus, naamlik 78 keer.) Wat verder opvallend by Matteus is, is dat die term meestal in die meervoud gebruik word, terwyl die enkelvoud slegs drie keer voorkom (10:24, 25, 42). Die klem val dus op die dissipels as 'n groep eerder as individue.

Iets wat dikwels nie opgemerk word nie, is dat die term nie uitsluitlik vir die dissipels van Jesus gebruik word nie, maar ook vir die dissipels van Johannes (9:14; 11:2; 14:12) en die dissipels van die Fariseërs (22:16). Dit is 'n bekende feit dat sommige bekende mense dissipels gehad het. Die term kom dikwels voor in klassieke en Hellenistiese literatuur, en verwys na drie groepe mense, naamlik iemand wat leer (*learner*), aanhanger (*adherent*) en leerling (*pupil*) (Wilkins 1988:11).

Soos hierbo blyk, word die dissipels van Johannes drie maal genoem. Die eerste vermelding (9:14) is waar hulle (sonder Johannes) na Jesus kom om te vra waarom hulle en die Fariseërs vas, maar nie die dissipels van Jesus nie. Jesus antwoord met die vraag of die bruilofsgaste dan kan treur terwyl die bruidegom nog by hulle is. Die volgende vermelding is waar Johannes uit die tronk sy dissipels na Jesus stuur om te laat vra of Hy die een is wat sou kom (11:2), en die laaste vermelding is waar Johannes se dissipels sy liggaam na sy dood kom haal om te begrawe, en daarna vertel hulle dit vir Jesus (14:12). Hoewel Johannes se dissipels dus in die afwesigheid van Johannes optree, is dit elke keer in sy diens wat hulle optree. Hulle rol is om die aandag op Johannes te vestig, maar dit is tog opvallend dat hulle al drie keer ook met Jesus in verband gebring word. Die enigste vermelding van die dissipels van die Fariseërs is in Matteus 22:16 waar die Fariseërs van hulle dissipels saam met 'n aantal Herodiane na Jesus stuur om Hom die strikvraag van belasting aan die keiser te vra.

Uit hierdie voorbeelde blyk dat Johannes sowel as die Fariseërs se dissipels gewoonlik op bevel van hulle leier(s) optree en as 'n verlengstuk van die leier(s) self gesien kan word. Wat egter verder opvallend is, is dat al die gevalle waar die ander leier(s) se dissipels vermeld word, dit in verband gebring word met Jesus. 'n Mens sal dus kan sê dat ander leier(s) se dissipels in die Evangelie gebruik word om, benewens die eie leier(s), Jesus te belig. Dit is in lyn met die skrywer se primêre Christologiese klem. Jesus is die protagonis van die verhaal en al die ander karakters word in diens gestel om Hom te belig.

Dit is in der waarheid die geval ook met Jesus se eie dissipels, soos Wilkins (1988) tereg vasgestel het. Hy het aangedui dat van Matteus se drie en sewentig voorkomste een en dertig gedeel word met Markus of Q, vier (of vyf) uitbreidings is weens verwysings in die bronne, vier (tot ses) in Matteus se eie materiaal voorkom, en drie en dertig (of vier en dertig) toevoegings tot die bronnemateriaal is (Wilkins 1988:129). Veral laasgenoemde kategorie lewer interessante resultate in dié verband op.

Dit is bekend dat Matteus by die gebruik van sy bronnemateriaal dikwels toevoegings maak ter verheldering van sy bronne en as aanduiding van hoe hy sy bronne interpreteer. So het Gundry byvoorbeeld bevind dat Matteus die naam Jesus sowat 80 keer byvoeg ter verheldering van sy bronne (Gundry 1982:136).

Dieselfde geld vir die gebruik van die term μαθητής. Soos hierbo gesê is, kan ten minste drie en dertig van die drie en sewentig voorkomste gesien word as toevoegings ter verheldering van die karakters in die verhaal. Waar Markus die dissipels slegs veronderstel, noem Matteus hulle spesifiek, byvoorbeeld in 8:23 (Mark 4:36), 12:2 (Mark 2:24), 14:26 (Mark 6:49), ensovoorts (vir meer voorbeelde, vgl Wilkins 1988:130). Terwyl Bultmann (1963:1356) van mening was dat dit van geen belang is nie, is Wilkins myns insiens met reg van mening dat dit wel van betekenis is. Dit lyk of Matteus die verheldering veral gebruik om te beklemtoon dat die dissipels saam met Jesus is en onder sy bevel staan. Sodoende word die figuur en die leer van Jesus belig. Terwyl Matteus die verhardheid en onkunde van die dissipels by Markus versag, beklemtoon hy in die proses die onderrig van Jesus as die rede waarom die dissipels verstaan.

Hierdie tendens is ook sigbaar in die gevalle waar Matteus die term μαθητής weglaat waar dit in sy bronne aanwesig is. Volgens Wilkins (1988:154) laat Matteus agtien van Markus se ses en veertig voorkomste weg, en van die agt in Q laat hy vyf weg. Wilkins vind in hierdie weglatings dikwels dieselfde teologiese tendense as wat by die toevoegings van die term voorkom, byvoorbeeld om die fokus op Jesus te laat val of om 'n ander beeld van die dissipels as sy bronne te gee.

In lyn met die dissipels van Johannes en van die Fariseërs tree die dissipels van Jesus in Matteus gewoonlik op in opdrag van hulle leier as 'n verlengstuk van die leier. Hulle word veral gebruik om die figuur en leer van Jesus te beklemtoon. Hoewel hulle in 'n baie beter lig as by Markus voorgestel word, word hulle nogtans geensins as volmaak voorgestel nie. Hulle het ook heelwat negatiewe eienskappe, maar op grond van hulle navolging van en saamwees met Jesus word hulle nie soos die Jode en Israel afgeskryf nie. Hulle word geteken as mense wat in 'n voortdurende proses van onderrig is. Hoewel die verhouding van die dissipels tot Jesus nie in die Evangelie deur die werkwoorde vir leer of onderrig gekenmerk word nie, is dit tog dikwels implisiet die veronderstelling. Tog werp die stamverwante werkwoorde μανθάνω en μαθητεύω verder lig op die verhouding van die dissipels tot Jesus en op die belang van die dissipels en dissipelskap.

## 2.2 Matteus se gebruik van μανθάνω en μαθητεύω

Eersgenoemde werkwoord kom drie maal in Matteus voor, naamlik in 9:13, 11:29 en 24:32. (In Markus een keer en glad nie in Lukas nie.) Die skaarsheid van die werkwoord staan in skrille kontras met die baie voorkomste van μαθητής. Wat verder opvallend is, is dat al drie voorkomste in die mond van Jesus geplaas word en dat slegs een van die drie voorkomste van μανθάνω in verband staan met die dissipels, naamlik

Matteus 24:32. In laasgenoemde vers word bevestig wat reeds in Matteus 13 na vore gekom het, naamlik dat slegs die dissipels die gelykenisse kan verstaan. Dit wil dus voorkom of die verhouding van die dissipels tot Jesus nie volgens Matteus daardeur gekenmerk word dat hulle van Jesus leer nie, maar gesien in die lig van die baie voorkomste van die werkwoord *ἀκολουθέω*, eerder deur navolging (vgl Rengstorf 1967:406).

Tog werp die voorkomste van *μανθάνω* wel lig op dissipelskap. In die eerste van bogenoemde voorkomste (Matt 9:13) sê Jesus in 'n konfrontasie met die Fariseërs: 'Gaan leer wat dit beteken: Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars'. Dit kan dus as 'n uitnodiging aan die Fariseërs gesien word om, soos die dissipels en tollenaars en sondaars, saam met Jesus te wees en sy leer te verstaan (vgl Wilkins 1988:159). Dissipelskap behels dus onder andere om van Jesus te leer.

By die tweede voorkoms van die werkwoord (Matt 11:29) rig Jesus in sy gebed die uitnodiging (blykbaar tot die skare waarna Matt 11:7 verwys): 'Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed'. Jesus en sy leer word voorgehou as die bron van rus vir elkeen wat saam met Hom is.

Al kom *μανθάνω* dus nie dikwels in die Evangelie voor nie, het dit tog iets te sê oor dissipelskap. Laasgenoemde behels onder andere om van Jesus te leer. Hierdeur word Jesus dus in die kollig gestel en die uitnodiging gaan uit tot die Fariseërs, die skares en die dissipels.

Die ander stamverwante werkwoord, *μαθητεύω*, kom eweneens drie maal by Matteus voor en verder in die Nuwe Testament slegs nog een keer in Handelinge. Die drie voorkomste in Matteus is in 13:52, 27:57 en 28:19. Die werkwoord beteken 'om 'n leerling te wees of te word', en buite die Nuwe Testament word dit in dié intransitiewe sin gebruik (Wilkins 1988:160). In die Nuwe Testament verkry dit egter die transitiewe betekenis van 'om dissipels te maak' (Matt 28:19, Hand 14:21). Die eerste twee voorkomste in Matteus (13:52 en 27:57) gaan oor skrifgeleerdes en Josef van Arimatea onderskeidelik. In die eerste geval (Matt 13:52) praat Jesus van 'elke skrifgeleerde wat 'n leerling word in die koninkryk van die hemel' (letterlik: 'n dissipel gemaak is, *μαθητευθείς*). Of dit dui op die aanwesigheid van skrifgeleerdes binne of buite die dissipelkring van twaalf is nie heeltemal duidelik nie (vgl ook Gundry 1994 oor Matt 8:18-22), maar in die lig van die volgende voorkoms (Matt 27:57) is dit nie onmoontlik dat Matteus ook aan persone buite die kring van die twaalf as dissipels dink nie.

In die genoemde Matteus 27:57 gebruik Matteus die transitiewe passief ἐμαθητεύθη om aan te dui dat Josef van Arimatea 'n 'dissipel gemaak is' deur Jesus. Gevolglik versterk dit die moontlikheid dat Matteus ook aan persone buite die kring van die twaalf as dissipels gedink het, hoewel hy ander kere weer die terme 'die twaalf' en 'dissipels' aan mekaar koppel.

Die laaste voorkoms van μαθητεύω is in die laaste opdrag van Jesus aan die dissipels (Matt 28:19) waar hulle die opdrag ontvang om al die nasies dissipels te maak. Soos wat Jesus dissipels maak, word ook van die dissipels self verwag om dit te doen. Jesus self dien as model van hoe dit gedoen moet word. Uit die plasing aan die einde van die Evangelie blyk die belang van die werkwoord en van die konsep van dissipelskap.

**2.3 Matteus se gebruik van ἀκολουθέω**

In teenstelling met die werkwoorde μανθάνω en μαθητεύω, wat elk slegs drie keer in die Evangelie voorkom, kom die werkwoord ἀκολουθέω nie minder as vyf en twintig keer voor nie (Mark 18, Luk 17). Die probleem met die interpretasie van die werkwoord is dat dit nie altyd duidelik is of daar 'volg' in die letterlike sin van 'agter iemand aangaan' bedoel word of in die metaforiese sin van 'volg as 'n dissipel' nie.

Enkele ondersoekers is van mening dat Matteus die woord slegs in laasgenoemde sin gebruik (vgl Strecker 1966:230-31; Betz 1967:31). Dit lyk egter eerder asof Matteus dit in albei sinne van die woord gebruik. Die vraag is hoe daar dan tussen die twee onderskei kan word. Kingsbury (1978) het hierdie vraag ondersoek en met die resultaat vorendag gekom dat waar Matteus dit in die metaforiese sin van die woord gebruik, twee faktore aanwesig is, naamlik persoonlike toewyding en koste. Wat eersgenoemde betref, gaan daar van Jesus 'n persoonlike uitnodiging tot navolging uit (bv Matt 4:19, 21; 9:9; 19:27-28), en wat die tweede faktor betref, is daar 'n aanduiding dat navolging van Jesus 'n persoonlike opoffering verg, soos die verlies van familie of besittings of die wegbreek van 'n vorige lewenswyse (bv Matt 4:20; 22; 9:9; 19:28) (Kingsbury 1978:58).

In breë trekke kan daar met Kingsbury se waarneming saamgestem word. Hoewel hy dit nie uitspel nie, kom dit daarop neer dat slegs die twaalf in Matteus aan die voorwaardes voldoen. Ongeveer die helfte van die voorkomste van die werkwoord verwys na 'n aksie van die dissipels as 'n groep of as individue. Die res van die voorkomste verwys na die skares, 'n skrifgeleerde, twee blindes en vroue. By geeneen van laasgenoemde gevalle word egter aan die voorwaardes voldoen nie (vgl egter Gundry 1994 se siening dat die skrifgeleerde in Matt 8:19 wel 'n ware dissipel is). In drie gevalle word slegs van volgelinge gepraat sonder dat dit sonder meer duidelik is na wie presies

verwys word, te wete Matteus 8:10; 19:28 en 21:9. By die middelste van hierdie drie voorkomste is dit egter uit die konteks duidelik dat die twaalf daarmee bedoel word. In die ander twee gevalle is dit meer waarskynlik dat die skares daarmee bedoel word.

Uit die gebruik van die werkwoord blyk dus dat Matteus dit gebruik om 'n baie spesiale verhouding van die dissipels tot Jesus uit te beeld, 'n verhouding wat op uitnodiging van Jesus geskied en groot koste en opoffering van hulle verg. Dit laat natuurlik die fokus op Jesus val wat waardig is dat soveel koste en opoffering ter wille van Hom aangegaan word. Ook in die gevalle van ander mense, soos die skares, blindes en vroue wat Jesus volg, val die kollig op Jesus as die fokuspunt van openbare belangstelling (Kingsbury 1978:61).

Ter opsomming by hierdie gedeelte kan gesê word dat Matteus deur die gebruik van die bespreekte werkwoorde die verhouding tussen Jesus en dissipels wou beklemtoon as een wat implisiet daardeur gekenmerk word dat hulle deur Jesus onderrig word en eksplisiet daardeur dat hulle Jesus volg. Hierdeur word die persoon en leer van Jesus beklemtoon, en Jesus word as model vir die dissipels en dissipelskap voorgestel.

Vervolgens wil ek probeer aandui dat dieselfde ook geld ten opsigte van die individuele dissipels in Matteus.

## 3. INDIVIDUELE DISSIPELS IN MATTEUS

Dit is opvallend dat Matteus dikwels verwysings na spesifieke dissipels wat in sy bronne voorkom, weglaat (bv Matt 20:20-28; 24:3; 26:37) en ook groepe in die dissipelkring (bv Matt 24:1; 26:18, 19). Dit hang saam met sy voorstelling van die dissipels as 'n verenigde, naamlose groep (Wilkins 1988:169). Aan die ander kant verleen hy weer meer prominensie aan Petrus. Waarskynlik beskryf Matteus die dissipels as 'n eksemplariese groep en Petrus as die tipiese individu (vgl Kingsbury 1979:78; Van Aarde 1994:87).

### 3.1 Petrus

Dit is lank reeds raakgesien dat Matteus se voorstelling van Petrus baie belangrik is en gevolglik het dit al baie aandag in die navorsing geniet. Twee uiteenlopende sienings het na vore gekom:

* Petrus in analogie met ontwikkelings binne kontemporêre Farisese Judaïsme as die opperste rabbi aan wie Jesus die amp van die sleutels toeken en op wie Jesus sy kerk gebou het, en

* Petrus as 'tipies' van aard: Petrus verskaf aan die individuele lid van Matteus se kerk 'n voorbeeld van wat dit beteken om 'n Christen te wees (Kingsbury 1979:68).

Waar sommige vroeëre ondersoekers miskien geneig was om tekste oor Petrus buite die onmiddellike verband en veral buite die konteks van die Evangelie as geheel te ondersoek, is daar vandag baie meer konsensus dat die tekste oor Petrus binne hierdie kontekste verstaan moet word. Dit is dan ook wat Kingsbury (1979) gedoen het. Sy ondersoek van die relevante tekste het hom tot die slotsom gebring dat die tweede van bogenoemde twee alternatiewe die meer waarskynlike is.

Matteus is in groot mate van Markus afhanklik vir sy materiaal oor Petrus. Hy maak egter ook gebruik van sogenaamde M-stof vir sy uitbeelding van Petrus (vgl Matt 16:18-19; 17:24-27). Telkemale plaas hy self die naam van Petrus in die teks (bv 14:28; 29; 15:15; 18:21; 26:35). Dit blyk dat Matteus in vergelyking met Markus die figuur van Petrus intensifiseer wat sowel die positiewe as die negatiewe eienskappe betref (vgl Kingsbury 1979:69-70 vir vergelykende stof). Petrus is die eerste dissipel wat deur Jesus geroep word en in die lys van die twaalf dissipels wat eers in Matteus 10:2-4 gegee word, word Petrus spesifiek die eerste (πρῶτος) genoem (vgl met Mark 3:16 waar die beskrywing nie voorkom nie).

Wilkins (1988) het bevind dat Matteus vier maal Markus se tradisies oorneem, maar uitbrei deur die byvoeging van Petrus se naam (Matt 4:18; 8:14; 16:16; 26:35), vier keer op sy bronne uitbrei deur die byvoeging van materiaal oor Petrus (Matt 14:28-29; 15:15; 16:17-19; 18:21), en een keer 'n volledige, onafhanklike eenheid invoeg (Matt 17:24-27). Hierdie klem op Petrus is nie soseer om die soeklig op Petrus te laat val nie, maar om die onderrig van Jesus te beklemtoon. Petrus word geskilder as die spreekbuis en leier van die dissipels en ook as die ware dissipel wat van Jesus leer en deur Jesus van insig voorsien word (Wilkins 1988:200). Sodoende val die klem dus meer op die voorstelling van Jesus as op die voorstelling van Petrus self. Dit wil egter nie sê dat die uitbeelding van Petrus as sodanig onbelangrik is nie, maar dat sy hele uitbeelding afhanklik is van sy verhouding tot Jesus. En al is Petrus se uitbeelding tipies van aard, is dit slegs so weens sy verhouding tot Jesus.

Die feit dat daar ook negatiewe eienskappe aan Petrus toegeskryf word en dat Matteus dit selfs beklemtoon, vestig juis meer die aandag op Jesus, aangesien Hy in sy eie lewe die deugde vertoon wat Hy van die dissipels verwag. Howell (1990:251) stel dit soos volg: 'Jesus, however, exemplifies in his own life the virtues demanded of the disciples so that he can be seen as a model for the implied reader'.

### 3.2 Judas

As dit waar is dat Petrus so voorgestel word dat hy Jesus belig, is dit nog veel meer waar van Judas. Hoewel Judas nie deurgaans so 'n besondere rol as Petrus speel nie, speel hy wel teen die einde van die Evangelie 'n belangrike rol. Hy word slegs vyf

keer by die naam genoem (Matt 10:4; 26:14, 25, 47; 27:3; vgl ook 26:48 waar hy net genoem word 'die een wat Jesus verraai het'). Afgesien van die kwalifikasie Ἰσκαριώτης wat twee maal by sy naam gevoeg word, word twee verdere spesifikasies telkens by sy naam gevoeg, naamlik dat hy die een is wat Jesus verraai het (Matt 10:4; 26:25; 27:3; vgl 26:48) en dat hy een van die twaalf is (Matt 26:14; 26:47). Terwyl Petrus eerste in die lys van die dissipels genoem word, word Judas laaste genoem (Matt 10:4).

Wat verder opvallend van Judas is, is dat hy die enigste een van die dissipels en in der waarheid die enigste van alle karakters in die Evangelie is wat Jesus *Rabbi* noem (Matt 26:25, 49). Dit dui waarskynlik nie net op die feit dat hy 'n miskonsepsie van Jesus gehad het nie, maar dit is verder ook duidelik dat Matteus 'n afkeer van die titel gehad het (vgl Matt 23:8 waar Jesus die dissipels en die skare vermaan om hulleself nie 'Rabbi' te laat noem nie). Deur die titel met Judas te assosieer, wil Matteus waarskynlik die gebruik daarvan ontmoedig het (vgl Overman 1990:48).

Hoewel Judas dus min genoem word, word daar egter met die paar verse waarin hy voorkom, heelwat oor hom gesê. Hy speel inderdaad 'n belangrike rol in die verloop van die heilsgeskiedenis in die sin dat dit hy is wat as gevolg van sy verraad indirek bydra tot die dood van Jesus.

Afgesien van sy verraad van Jesus, is dit veral sy selfmoord wat belangwekkend is. Die verhaal word in Matt 27:3-10 vertel en het geen parallel in die ander Evangelies nie. Die enigste ander gedeelte wat van Judas se dood melding maak, is Handelinge 1:18-19. Die besonderhede daar verskil egter heeltemal van dié in Matteus. Slegs Matteus maak melding van die feit dat Judas berou gekry het oor sy daad, die omkoopgeld teruggegee het en homself gaan ophang het. Hierdie optrede van Judas word waarskynlik beskryf om sowel die skuld van die priesterhoofde aan die dood van Jesus as die dood van Judas te beklemtoon (vgl Nortje 1994:50). Dit hang saam met die motief in Matteus dat Israel en die tempelkultus verwerp word. Dit bring ook mee dat die beskrywing van Judas in die Evangelie nie heeltemal op 'n negatiewe noot eindig nie.

Met die beskrywing van Judas sou 'n mens dus inderdaad weer kon sê dat Matteus Judas as 'n belangrike randfiguur gebruik om veral die omstandighede van Jesus se dood te belig. Die aanwesigheid van Judas in die dissipelkring as een van die twaalf, versterk die siening van die dissipelkring as 'n eksemplariese groep wat nie net positiewe eienskappe het nie, maar ook negatiewe eienskappe. Die feit dat Judas se beskrywing nie heeltemal op 'n negatiewe noot eindig nie, dien as bemoediging vir diegene in die gemeente wat ook afvallig raak.

## 4. KONKLUSIE

Dit is vir enige leser duidelik dat die dissipels in Matteus 'n belangrike rol speel. Vir die noukeurige leser is dit duidelik dat hulle uitgebeeld word as 'ronde' karakters met sowel positiewe as negatiewe eienskappe, in teenstelling met Jesus wat slegs positief en die Joodse owerhede wat slegs negatief uitgebeeld word. Dit is eweneens duidelik dat die dissipels uitgebeeld word op so 'n wyse dat hulle as leerlinge van Jesus die klem volledig op Jesus en sy leer laat val. Die verhouding van die dissipels tot Jesus word nie in die eerste plek gekenmerk deurdat hulle van Hom leer nie, hoewel dit wel een keer eksplisiet gestel word. Dit hang egter wel implisiet met die benaming wat dikwels vir hulle gebruik word saam dat hulle van Hom leer. Die feit dat hulle baie dinge verstaan, is toe te skryf aan Jesus se onderrig aan hulle. Hulle tekortkomings word juis ook deur Jesus gebruik om hulle verder te onderrig. Soos wat Jesus hulle dissipels gemaak het moet hulle ook op hulle beurt dissipels maak. Hulle volg Jesus nie net in die sin dat hulle agter Hom aangaan nie, maar as dissipels ter wille van sy persoon en sy saak. Hulle is saam met Jesus, hulle verstaan sy gelykenisse en sy leer, in teenstelling met ander wat dit nie verstaan nie.

Hierdie uitbeelding het waarskynlik meer met die gemeenskap van Matteus te doen as met die dissipels as historiese mense. Ten einde die implisiete leser te oorreed om Jesus te volg het Matteus myns insiens met die uitbeelding van die dissipels die kollig op Jesus laat val. Jesus, as die protagonis van Matteus se verhaal, word slegs as 'n goeie karakter uitgebeeld. Matteus is selfs daarop ingestel om Markus se uitbeelding van Jesus se menslike emosies te elimineer. Die dissipels daarenteen is 'ronde' karakters wat positief sowel as negatief uitgebeeld word. Hulle dien in baie opsigte as verlengstuk van Jesus en sy werk, maar anders as Jesus is hulle feilbaar. Waar hulle egter faal, is daar nog steeds hulp vir hulle by Jesus. Hoe meer hulle Hom en sy leer verstaan, hoe meer kan hulle hulle rol as sy dissipels vervul. En as mense wat sy leer, sy lewe en sy dood verstaan, is hulle waardig om van ander dissipels soos hulleself te maak.

Op die ou end gaan dit dus nie oor die dissipels as sodanig nie. Hulle is slegs 'n verlengstuk van hulle leermeester en dien die doel om na Hom heen te wys. Selfs nie die belangrike rol wat soms aan Petrus op grond van die Evangelie van Matteus toegeken word kan geregverdig word nie. Petrus is nie die belangrikste onder die dissipels nie, maar slegs die eerste onder gelykes en die een wat eerste deur Jesus geroep is. Slegs Een is die leermeester, naamlik Christus (Matt 23:8, 10). Ook Petrus is feilbaar, maar deur Jesus, aan wie alle mag gegee is, kan hy toegerus word om ook ander dissipels vir Christus te maak en die leer wat hulle by Hom geleer het, ook aan ander oor te dra (Matt 28:18-19). En Judas, wat een van die twaalf uitgesoektes is, is bewys daarvan dat dissipels nie volmaak is nie, maar dat berou die gepaste optrede vir onvolmaaktheid is.

'n Laaste vraag is of hierdie voorstelling van die dissipels wesenlik van Markus s'n verskil. Hoewel dit nie in die eerste plek die vraagstelling in hierdie artikel was nie, is dit duidelik dat Matteus sy eie aksente in die uitbeelding wou lê. Sy uitbeelding is oor die algemeen baie meer positief as Markus s'n, hoewel hy ook nie huiwer om die dissipels se tekortkomings uit te beeld nie. Die veranderings wat Matteus aangebring het, laat die kollig op Jesus val en versterk na my mening die voorstelling van Jesus as model vir dissipelskap. Dit kan myns insiens saam met die argumente wat deur Howell (1990:251-259) genoem word, gesien word ter ondersteuning van hierdie tese.

**Literatuurverwysings**

Barth, G 1963. Matthew's understanding of the law, in Bornkamm, G, Barth, G & Held, H J, *Tradition and interpretation in Matthew*, 58-164. London: SCM.

Betz, H D 1967. *Nachfolgen und Nachahmung Jesu Christi im Neuen Testament*. Tübingen: Mohr.

Botha, P J J 1989. Die dissipels in die Markusevangelie. DD proefskrif. Universiteit van Pretoria.

Bultmann, R 1963. *The history of the synoptic tradition*. New York: Harper & Row.

Combrink, H J B 1991. Dissipelskap as die doen van God se wil in die wêreld, in Roberts, J H et al (reds), *Teologie in konteks*, 1-31. Halfway House: Orion.

Edwards, R A 1985. Uncertain faith: Matthew's portrait of the disciples, in Segovia, F F (ed), *Discipleship in the New Testament*, 47-61. Philadelphia: Fortress.

Frankemölle, H 1973. Amtskritik im Matthäus-evangelium? *Bib* 54, 247-262.

——— 1974. *Jahwebund und Kirche Christi*. Münster: Aschendorff.

Gundry, R H 1982. *Matthew: A commentary on his literary and theological art*. Grand Rapids: Eerdmans.

——— 1994. On true and false disciples in Matthew 8:18-22. *NTS* 40,433-441.

Howell, D B 1990. *Matthew's inclusive story: A study in the narrative rhetoric of the first Gospel*. Sheffield: JSOT.

Kingsbury, J D 1978. The verb ἀκολουθεῖν as an index of Matthew's view of his community. *JBL* 97, 56-73.

——— 1979. The figure of Peter in Matthew's Gospel as a theological problem. *JBL* 98, 67-87.

——— 1986. *Matthew as story*. Philadelphia: Fortress.

Luz, U 1983. The disciples in the Gospel according to Matthew, in Stanton, G (ed), *The interpretation of Matthew*, 99-128. Philadelphia: Fortress.

Minear, P 1974. The disciples and the crowds in the Gospel of Matthew. *AThR Supplement Series* 111, 28-44.

Nortje, L 1994. Matthew's motive for the composition of the story of Judas's suicide in Matthew 27:3-10. *Neotestamentica* 28, 41-51.

Overman, J A 1990. *Matthew's gospel and formative Judaism: The social world of the Matthean community*. Minneapolis: Fortress.

Rengstorf, K H 1967.s v *Μανθάνω*. *TDNT* IV. Grand Rapids: Eerdmans.

Schweizer, E 1974. *Matthäus und seine Gemeinde*. Stuttgart: Katholisches Bibelwerk.

Sheridan, M 1973. Disciples and discipleship in Matthew and Luke. *TDNT* 3, 235-255.

Strecker, G 1966. *Der Weg der Gerechtigkeit: Untersuchung zur Theologie des Matthäus*. Göttingen: Vandenhoeck.

Trilling W 1969. Amt und Amtsverständnis bei Matthäus, in Descamps, A (ed), *Mélanges Bibliques*, 29-44. Gembloux: Duculot.

Van Aarde, A 1993. *God-with-us: The dominant perspective in Matthew's story, and other essays*. Pretoria: University of Pretoria. (*HTS* Suppl 5.)

Wilkins, M J 1988. *The concept of disciple in Matthew's gospel as reflected in the use of the term μαθητής*. Leiden: Brill.